# Wat is goeie nuus?

Wat is nuus, iets oor vertel.   Het julle gehoor?
Baie keer luister na mense, dan dink hulle dit is goeie nuus het dan is dit slegte nuus.
Luister na mense wat oor die evangelie praat wat goeie nuus moet wees, dan is dit nie goeie nuus nie.
Besef, groter as verstaan.  Besef: Evangelie, goeie nuus is ‘n proklamasie.
Ek vertel jou, ek sê dit.  Dit is nie wat jy moet doen nie, dit is wat Jesus gedoen het. Wat Hy klaar gedoen het.
Die kerk moet vra,  jou moet vra.  Verduidelik die evangelie, die goeie nuus.
**Rom 3:21-24  Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie,  (22)  maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo.  (23)  Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie,  (24)  maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.**

1. Die verlosser kom.  Jesus kom
2. Ons gaan iets ontvang.  Vryspraak, genade, liefde, vrede
3. Dit is klaar gedoen, ek moet dit glo.  Aanvaar, aanneem.
4. Verstaan, almal sondaar, maar almal verlossing ontvang.  Geskenk gekry,maar almal vat dit nie.
5. Jy het iets geword.  Jy is iets, regverdige, vrygespreek

Wat is Godsdiens?  Sistimatiese stel oortuigings.   Jy moet sekere goed doen.
Christenskap, my identiteit het verander.
As jy nie kan verstaan wat Jesus klaar vir jou gedoen het nie, kan jy dit nie gaan oordra, gaan aflewer vir iemand anders nie.
Ek moet die goeie nuus verstaan voordat ek ‘n agent van die goeie nuus kan wees.
As jy net oor sonde praat.  Hoe sleg ons is, alles verkeerd doen, wat God gaan doen. dit is nie goeie nuus nie.
**Rom 1:16  Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood.**

Paulus skryf vir die romeine.  Alle mense is verlore, het groot probleme.  Maar daar is ‘n krag wat werk, die krag van God wat almal red.

Ek skaam my nie.  Ek het ‘n storie van God wat my red.   Daar werk ‘n krag omdat ek glo.    God het my verander.  My verander  Nuwe identiteit

**Diep sin van besef wie ek is, my nuwe identiteit.**
Ondek wat met my gebeur het, wie ek geword het in Jesus.  Wie ek is in Jesus
NB.  **Identiteit bepaal aktiwiteit.**  Wie ek is bepaal wat ek doen.   Hoe jy jouself sien, bepaal hoe jy leef, hoe jy funksioneer.

**Rom 5:18-19  Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense, so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal. (19)  Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word.**

Inclusion , deel van, insluiting.   Deel van Adam maar ook deel van Jesus.
Begip: **in Jesus.**  Is baie belangrik om te verstaan.  Dit gee definisie wie jy is.

3 konsepte.
Sterf saam met Christus, opgestaan saam met Christus en sit saam met Christus in Hemelse plekke.

Sterf.
**Rom 8:2  Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.**

Wet  autoriteit in jou lewe.  Sonde wat regeer en jou lewe beheer.  Jy is vrygemaak van sonde wat ‘n wet, autoriteit was.  Ons moet verstaan ons is vry in Jesus.
Pad ry.  Spoed grens, bord wat voorstel dit wat jy moet ry.  Foto word geneem, spoedkaartjie.  Jy kan sê gee nie om nie, ek laat nie my lewe beheer deur buite invloede, jy kan besluit hoe jy gaan reageer, maar na n rukkie nuwe briefie wat jy uitnooi na ‘n nuwe event.(hof)  Ek sê ek gaan nie na sulke plekke toe nie.  Jy kan so besluit maar hulle gaan ‘n besluit maak oor jou en ‘n paar manne gaan jou kom besoek.  Hoekom, want daar is n wet wat gesag afdwing in jou lewe.  Jy het die wet gebreek.  Agter die wet is daar outoriteit.  Hulle kom soek jou.  So is sonde

Verstaan ons is vry gemaak.  Ons is in Jesus.  Nuwe autoriteit agter my.
Verstaan my lewe word nie beinvloed deur die lewe om my nie, maar deur die lewe in my.  Autoriteit in my.

2de.  Opgestaan saam met Jesus en leef saam met Jesus

**Gal 3:28  Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.**

Ek leef eerste uit Jesus en dan my geslag, dan my kultuur, vel kleur, waar ek bly,ens Groot probleem, ons kyk na die evangelie Christenskap van uit my kultuur.  Dan gaan ek verkeerd. Want daar is geen kultuur wat alles reg is nie, dit is gebroke.
**Dit is Jesus in my wat my kultuur bepaal.**  Van uit Jesus gaan ek na my kultuur en maak reg dit wat verkeerd is.  Verstaan Jesus het my vrygemaak, daarom moet ek my wereld verander.

**Rom 6:1-4  Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem?  (2)  Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?  (3)  Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?  (4)  Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.**

Is jy nou stupid om aan te hou met sonde.  Dood daarvoor en lewe nou.
Goeie nuus, dood vir die sonde.  Hierdie sonde wat jou lewe regeer het, het gestop, Jesus in wie ek is, regeer my lewe.  Van binne na buite.

Jare terug olifant wat Triks doen in Sirkus, nie sy natuur en karakter nie, ward vas gemaak met ‘n ketting met pen in die grond.  Wat belangrik is, jy moenie triks leer nie, Jy moet leer wie jy is. Die autoriteit wat jy het.

**Joh 17:15-18  Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.  (16)  Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie.  (17)  Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid.  (18)  Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur;**

Ons staan in verhouding met die Here.  Hy is my God, Vader, Vriend, Metgesel,ens Bewaar ons dat die bose nie vir ons lieg en leuen begin glo oor God nie.  Ek behoort aan die Here, nie aan die wereld.  Ons leef deur die waarheid.  Woord is die waarheid. God stuur ons met die waarheid na die wereld toe.

3. Ek sit saam met die Here.

**Efes 2:4-7  Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief.  (5)  Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!  (6)  Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee,  (7)  sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.**

Die afstand is weg gevat.  Ek is by die Here.  Beteken rus. Ons kuier.
Ou Testament was ‘n afstand teologie, ek moet na die Here toe gaan.  Ek werk om by God uit te kom.  Baie christen loop met die afstand teologie, wat hulle verkondig. Jy moet iets doen om by God te kom.
Die goeie nuus, hy verander jou karakter.  Wie jy is. Ek in Hom en Hy in My.
116 keer die begrip, Vader.  Ek en die Vader is een. Ek in U en ons in hulle.
Bly in my liefde.  Soos die Vader My lief het, julle lief.

**Spr  30:21-23  Daar is drie, nee, vier wat die lewe ondraaglik maak, wat onuitstaanbaar is:  (22)  'n slaaf nadat hy koning geword het, 'n ongemanierde sot nadat hy hom vol geëet het,  (23)  'n vrou wat eers nie 'n man kon kry nie en toe tóg getroud is, en 'n slavin nadat sy haar eienares se plek ingeneem het.**

Al 4 gaan oor jou karakter, identiteit, jou omstandighede het verander maar nie jou identiteit nie

VRIEND

Jy moet eers die goeie nuus begryp, dit verstaan, jy moet die glo.  Dan kan jy dit oordra.